Volkome Gered

—deur Peter Hammond

Sou dit vir die Jode wat slawe in Egipte was, genoeg gewees het as Moses bloot net vir hulle gesê het hulle moet aanvaar dat hulle in Yahweh volkome vryheid het en hulle dan maar net eenvoudig moes aangaan in gevangeniskap onder die juk van slawerny?

Enigiets minder as die verlossing uit en van daardie verdrukking sou tog onvolkome, onbevredigend en ontoereikend gewees het! God se ewige doel het vereis dat die kinders van Israel die Pasga moes oorleef, uit Egipte moes trek, die Rooi See moes deurgaan en as 'n vry volk in die beloofde land gevestig moes word.

SONDE IS ERNSTIG

Ons is heeltemal te genaakbaar t.o.v. sonde, en tog is sonde baie meer besmettend as die vuilste vuil; baie meer plofbaar as die plofbaarste bom en meer lewensbedreigend as 'n dodelike siekte – meer vergiftigend as 'n virus! Ons het twee groot probleme: Sondes en Sonde. Ek het vergifnis nodig vir my dade (sondes); ek het redding van die skuldgevoel van my sondes – van dit wat ek gedoen het – nodig. Ek het ook verlossing nodig van my sondige natuur (sonde); ek moet gered word van die krag van sonde – van wat ek is.

GISTER, VANDAG EN VIR EWIG

Die Evangelie verklaar dat ons verlossing het wat verlede, hede en toekoms omsluit. As ons Christene is, dan is ons gered – van die straf vir ons sonde (aksies). Ons is volkome vergewe. Ons word nog steeds gered – van die krag van ons sonde (ons aard). Ons word daagliks bevry. Ons sal gered word – van die teenwoordigheid van sonde (in die hemel). Ons is vir die Ewigheid gered.

VERDEDIGING, HEILIGMAKING EN VERHEERLIKING

Die Seun van God het in my plek gesterf, sodat ek gered kan word. Dit hanteer my skuld. Die regsterm 'verdediging', som die verledetydsaspek van ons Redding baie goed op – asof ek nog nooit gesondig het nie! Jesus Christus leef in my plek vir my vryspraak. Hierdie teenwoordige, voortgaande aspek van ons Redding, kan 'Heiligmaking' genoem word.

Dit hanteer die krag van sonde. Eendag sal Jesus Christus in volle glorie terugkom en Hy sal die dode weer opwek. In ons nuwe, opgestane liggame sal ons vry wees van die teenwoordigheid van sonde – in die Hemel. Hierdie toekomstige aspek van ons redding staan bekend as 'verheerliking'.

Jesus is òf Heer van alles òf Heer van niks nie! Die enigste Redder is Jesus Christus! Hy is die Weg! Hy is die Waarheid! Hy is die Lewe!

JESUS SE BLOED

Jesus Christus se bloed hanteer dit wat ons reeds gedoen het – dit reinig ons van ons sonde. Die kruis van Jesus Christus hanteer óns, soos ons is – dit tref ons vermoë om te sondig. Jesus se koms sal ons neiging en versoeking om te sondig, hanteer.

Indien ons dus Christene is, kan ons van ons Redding praat in die verlede, in die hede en ook in die toekoms: Ons is gered van die straf vir sonde. Ons word gered van die krag van sonde. En ons sal gered word van die teenwoordigheid van sonde.

DIE POORT VAN DIE HEMEL

Deur die kruis het ons die bloed vir sondevergifnis, die dood vir die verwoesting van sonde, oorwinning om satan en sy mag te oorkom, voorsiening vir heiligheid asook 'n deur tot die Ewige Lewe. Die poort na die Hemel is baie smal en die ingang daartoe is die kruis.

Daar is dus 'n pad terug na God vanuit die donkerte van sonde. Laste word lig en blinde oë sien – deur die wonderwerkende krag van die kruis. Die kosbare bloed van Jesus reinig die gewete, spreek ons vry, verskaf skuldvergifnis en vryheid, maak heilig en gee ons die vryheid om in God se teenwoordigheid te wees en oorwinnend te leef.

ONS OPDRAG

Ons word opgeroep tot:

1. Toegewyde dissipelskap – Volg Jesus se voorbeeld – Hy is die Weg!
2. Voortdurende gehoorsaamheid – Gehoorsaam Sy onderrig – Hy is Waarheid!
3. Voortdurende gemeenskap – Leef in Sy liefde – Hy is die Lewe!

Indien ons 'n werklike begrip van die sonde het; dan mag ons nie tevrede wees met enigiets minder as Volkome Redding nie. Nie bloot net die verlossing van die straf vir die sonde nie, maar ook die oorwinning oor die krag van die sonde.

Israel kon nie sy roeping vervul deur in die band van slawerny in Egipte te bly nie. Net so kan ons God nie effektief dien, indien ons nog steeds aan hierdie wêreld gelyk is of nog steeds gebind is deur sy afgode en sondes nie. Ons kan nie maar bloot net probeer om die voordele van Jesus as Redder te aanvaar en dan Sy gesag as Heer oor en in alle sfere van ons lewe verwerp nie.

DIE ENIGSTE REDDER

Jesus is òf Heer van alles òf Heer van niks nie! Die enigste Redder is Jesus Christus! ■

DR. PETER HAMMOND *is die Voorsitter van The Reformation Society. Besoek www.ReformationSA.org. Dr. Hammond is beskikbaar vir kerkpraatjiesen kan geskakel word by 021 689 4480.*